Mediavrystelling

Suid-Afrika, 23 Junie 2014 – Naspers Beperk (JSE: NPN) het vandag sy resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2014 aangekondig.

VISIER OP VERDERE GROEI

Naspers het vandag finansiële resultate vir die jaar geëindig 31 Maart 2014 aangekondig. Gekonsolideerde omset het stewige groei van 26% tot R62,7mjd getoon, met die grootste bydrae afkomstig van beide die internet- en betaaltelevisie-ondernemings. Groei is hoofsaaklik befonds deur ontwikkelingsbesteding, wat met 79% tot R7,7mjd versnel het. Hierdie groter besteding het kernwesensverdienste – wat deur die direksie as ’n maatstaf van volhoubare verdienstеprestasie beskou word – beperk tot R8,6mjd, effens hoër as verlede jaar. Kernwesensverdienste per aandeel het R21,81 bedra en ’n dividendverhoging van 10% tot R4,25 per aandeel is voorgestel.

“Ons het ’n lewendige jaar gehad, met vordering in verskeie ondernemings,” het Naspers se voorsitter, Ton Vosloo, gesê. “Ons gevestigde ondernemings het baie goed gevaar en ons het ons belegging in nuwe groeigeleenthede, veral in e-handel, uitgebrei.”

Sterk groei in e-kleinhandel was die dryfkrag agter die styging van 64% in die omset van e-handelsbedrywighede tot R20,3mjd. “Aangesien dit ’n uitbreidingsegment is, het ontwikkelingsbesteding gestyg namate ons die werksaamhede volgens skaal vergroot het, fokusmarkte in die geklassifiseerde advertensie-sektor vermeerder het en ons talentpoel versterk het. Dit het meegebring dat die handelsverlies tot R5,3mjd gestyg het,” het Basil Sgourdos, nuwe finansiële hoof van die groep, gesê. Die Allegro-markbesigheid en sommige geklassifiseerde advertensie- en aanlyn-prysvergelykingsondernemings het hul winsgewendheid gedurende die jaar verbeter. Verskeie geklassifiseerde advertensie-markte het vinniger as mededingers gegroei.

Die betaaltelevisie-onderneming, wat in 50 lande op die Afrika-vasteland bedrywig is, het omsetgroei van 20% tot R36,3mjd aangeteken. Totale intekenare het met ’n rekordgetal, naamlik 1,3 miljoen, toegeneem en die basis op meer as 8 miljoen huishoudings te staan gebring. Voortgesette uitbreiding van digitale terrestriële televisiedienste (DTT), groter investering in plaaslike inhoud en ’n uitbreiding van aanlyndienste het handelswins met 13% tot R8,5mjd laat styg.

Die drukmediasegment is steeds aan moeilike wêreldwye toestande blootgestel en het ’n strawwe jaar gehad. Omset was onveranderd en marges het gedaal.

Naspers se aandeel in die kernverdienste van geassosieerde maatskappye – waaronder Tencent in China en Mail.ru-groep in Rusland – het met 46% tot R10,2mjd gestyg.

“Ons doel is om in groei-ondernemings te belê wat oor die lang termyn waarde sal lewer. Met die oog hierop sal ons steeds sterk belê om organiese uitbreiding te verkry, en moontlik ook nuwe ondernemings binne ons fokusgebiede verkry,” het Naspers se nuwe uitvoerende hoof, Bob van Dijk, gesê. “Ons is van mening dat ons, met ’n kombinasie van aantreklike markte met ontwikkelingspotensiaal en aantreklike produkreekse vir klante – soos aanlyn geklassifiseerde advertensies, e-kleinhandel en DTT – realistiese, sterk vooruitsigte vir groei en waardeskepping sal hê soos die tyd aanstap.”

Vir meer inligting, kontak:

Meloy Horn, Hoof van Beleggersverhoudinge
Tel: +27 11 289 3320
+27 11 289 4446
Selfoon: +27 82 772 7123

Basil Sgourdos, Finansiële Direkteur
Tel: +852 2847 3365
Selfoon: +852 9080 5155

Die volledige resultate is op Naspers se webwerf beskikbaar by http://www.naspers.com.

BELANGRIKE INLIGTING

Hierdie mediavrystelling bevat vooruitskouende verklarings soos omskryf in die Verenigde State se “Private Securities Litigation Reform Act” van 1995. Woorde soos “glo”, “verwag”, “voorneem”, “beoog”, “wil”, “beplan”, “mag”, “streef” en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier om sulke uitdrukkings uit te ken nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en toekomsverwagtings verteenwoordig, kan verskeie risiko’s, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit baie faktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie negatief kan beïnvloed. Ons is geensins onder verpligting (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouende verklarings – hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins – by te werk of te wysig nie. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouende verklarings wat hierin vervat is nie.